Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 02/03 2018

Geagte Ouers/Voogde

1. **Bedamkings:**
   - Baie dankie aan Michelle Vosloo en mnr. Beetge wat die snoepwinkel by die ATKV-boeresport-geleentheid hanteer het.

2. **Skoolbeheerliggaamverkiesing: Dinsdag, 6 Maart:**
   Ons herinner alle ouers/voogde van die beheerliggaamverkiesing op Dinsdag, 6 Maart, om 19:00 in die skoolsaal. Onthou asseblief om u identiteitsdokumente saam te bring.

3. **Toetsreeks:**
   Leerders het vroeg in die kwartaal hul toetsroosters ontvang en afbakening vir laerskooltoetswerk is gedoen. Ons versoek dat leerders 'n vaste studieroetine sal volg en op die komende toetsreeks sal fokus.

4. **Buitelugklaskamer:**
   Dinsdag, 6 Maart: Graad 3
   Vrydag, 9 Maart: Graad 2
   Leerders het vandag inligting en vrywaringsvorms ontvang. Vrywaringsvorms moet Maandag, 5 Maart, terugbesorg word.

5. **Radikale Redenaars:**
   Alle leerders wat hierdie jaar aan die Radikale Redenaars wil deelneem, kan die inligting by hul taalonderwyseresse kry. Inskrywingsgeld moet teen 24 Maart by me. Dalene Bohnen inbetaal wees. Die streeksfinale vind tydens die week van 20-26 April plaas. Meer inligting is ook op hul webwerf beskikbaar.

6. **Wêreldkennisolimpiade:**
   Om aan die wêreldkennisolimpiade deel te neem, kos R25 per persoon. Die sluitingsdatum vir inskrywings is Vrydag, 23 Maart, by juf. Dalene en juf. Marietjie.

7. **Mnr. en Mej. McLachlan: Woensdag, 25 April:**
   Ons wil graag die leerders se insette vra met die kies van die onderskeie temas. In die junior afdeling (gr. 7 – 9) word 2 temas benodig (1 informeel en 1 semi-formeel) en in die senior afdeling (gr. 10 – 12) 3 temas (1 informeel, 1 x semi-formeel en 1 x formeel). Alle voorstelle moet asseblief voor of op 20 Maart 2018 by mnr. Johan ingegee word.

   Met hierdie geleentheid wil ons werklik McLachlan se naam hoog hou. Ouers moet asseblief hul kinders aanmoedig om aan hierdie geleentheid deel te neem. Die voorgestelde temas sal voor die vakansie bekend gemaak word.

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

8. **Matriekafskeid:**
   Alle graad 11-leerders het 'n lootjievorm ontvang, om R10-lootjies te verkoop. U kan vleispakke van 20kg, 8kg of 5kg wen. Hierdie fondsinsamelingpoging eindig op 6 Augustus 2018, wanneer ons die trekking vir die drie gelukkige wenners gaan doen. Elke vleispak bevat verwerkte vleis soos tjops, wors, ens.

   Ouers/voogde van graad 11-leerders word vriendelik versoek om die brief te lees insake 'n verdere fondsinsamelingsprojek, naamlik die kosverkope elke Dinsdag by die skool. Ons verlang dat u die afskeurstrokie met u bydrae sal invul en dringend sal terugstuur skool toe, sodat ons die weeklikse verkope kan beplan.

   Die eerste verkope vind Dinsdag, 6 Maart, plaas – boereworsrolle @ R15 elk word op bestelling verkoop. Alle bestellings en geld moet op Maandag, 5 Maart, by juf. Marie ingehandig word.

   Elke graad 11-leerder het 'n leë blikkie ontvang, wat gebruik kan word om al die kleingeld wat rondlê in te sit. Die blikkie moet asseblief ook op 6 Augustus 2018 aan juffrou Marie terugbesorg word. Baie dankie vir almal se ondersteuning vir hierdie projekte sodat ons die Graad 12-klas van 2018 'n baie mooi afskeid kan gee.

9. **Noodhulp: Vlak 1-kursus:**
   Daar is nog een plek oop vir die kursus wat suster Theron van 26 - 28 Maart 2018 gaan aanbied. Die koste is steeds R630 en kan by juffrou Marie inbetaal word. Baie dankie vir u samewerking.

10. **Stulting Kunstefees:**
    Inskrywings sluit Maandag, 5 Maart. Koste beloop R25.
    Kuns/fotografie en drama

11. **Sportnuus**:

- Atletiek: LS Oos-Kaap-kampioenskappe:
  Baie sterkte aan die volgende atlete wat hierdie naweek McLachlan by die Oos-Kaap-atletiekkampioenskapppe gaan verteenwoordig:

  Sanmari Potgieter
  Taryn Uithaler
  Alverique Krige
  Laura-Lee Pieterse

- Atletiek:
  Tydens die Hoërskool Sarah Baartman-byeenkoms het die volgende atlete uitsonderlike prestasies behaal:

  Eerste plekke:

S 0/17:	Anton v.d. Mescht	200m en spiesgooi
S 0/15:	Ruben Barnard	Hamergooi
M 19:	Coert Vorster	Gewigstoot
M 19:	Daniel de Vos	Hamergooi

  Tweede plekke:

S 0/14:	Jaco Mostert	Hamergooi
M 19:	Coert Vorster	Spiesgooi
S 0/17:	Ruben Barnard	Diskus en Spiesgooi

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

Derde plekke:

S 0/14:	Jaco Mostert	Spiesgooi
S 0/14:	Gerrit Vorster	Hamergooi
V 19:	Nicolene v.d. Mescht	Verspring
S 0/17:	Carmen Le Vack	110mH

Baie geluk aan die drie hoërskoolatlete wat vir die Oos-Kaapatletiekkampioenskappe gekwalifiseer het. Hierdie byeenkoms vind 6 – 9 Maart te NMU stadion in Port Elizabeth plaas.

M19:	Coert Vorster	GS; SG
S 0/17:	Anton v.d. Mescht	SG; 200m
S 0/15:	Ruben Barnard	HG; Diskus; SG

- Tennis:
  Die hoërskoolmeisies het hul ligawedstryd teen Willow Academy verloor en ons is baie trots op die seuns wat teen HS Nico Malan gewen het.

  Volgende week se wedstryde vind soos volg plaas:

Maandag, 5 Maart:	Seuns:	vs HS Framesby	[weg]
Dinsdag, 6 Maart:	Meisies:	vs HS Linkside	[tuis]

  Die wedstryd van die seuns is aangepas, om die toetsreeks te akkommodeer.

- Krieket:
  Uitslae:
  Die eerstespan het teen HS Daniël Pienaar met 20 lopies verloor.

  Die laerskoolwedstryde kon ongelukkig nie plaasvind nie, a.g.v. ‘n tekort aan speelvelde.

- HS-rugby:
  Ons het ongelukkig nie genoeg spelers vir ‘n 0/16- of ‘n 0/15-rugbyspan nie. Ons wil alle ouers/voogde dus in kennis stel dat daar 2 sewesrugbyspanne gaan wees. Die 0/16-rugbyspan gaan wel by HS Wittedrift ‘n 10-manwedstryd speel.

- HS-sportdae:

10 Maart:	te HS Paul Sauer	
	Netbal:	0/14; 0/15; 0/16; 0/19
	Rugby:	0/15 (7’s); 0/16 (7’s); Eerstespan
17 Maart:	te HS Wittedrift	
	Netbal:	0/14; 0/15; 0/16; 0/19
	Rugby:	0/16 (10-man); Eerstespan

Botes Gresse
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za
McLachlan Internet Fasiliteit Borg